# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



## 2026 | Namakwaland

17 – 22 Augustus 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



# Wees deel van ‘n ongelooflike ervaring langs die Weskus en Namakwaland!

## DAG 1: Maandag, 17 Augustus 2026

### Weskus Nasionale Park, Saldahnabaai

Ons vertrek vroegoggend vanaf OR Tambo na Kaapstad om ons blomme Weskus en Namakwaland avontuur te begin. Na ons aankoms, is daar tyd om ‘n vinnige koffie te geniet voordat ons vertrek.

**NOTA: Sorg asseblief self vir ontbyt, op die lughawe, óf aan boord die vliegtuig.**

Ons gemaklike voertuie wag vir ons by die lughawe, gereed om ons op ’n skilderagtige rit langs die Weskus te neem. Oppad kuier ons by **Durbanville Hills** Wyne vir ’n vroeë middagete van pizza en ander lekkernye – die perfekte geleentheid vir almal om mekaar beter te leer ken. Vir diegene wat wil, is daar ook kans om van die landgoed se bekroonde wyne te proe.

Van daar af reis ons verder na die **Weskus Nasionale Park** – ’n tuiste van unieke fauna en flora wat eie is aan die streek, insluitend die ikoniese bergsebras, rooihartbeeste en elande, asook uitgestrekte blommevelde. Ons gaan al die bekende landmerke besoek – van **Preekstoel** tot **Postberg** – met sy mooi blomme. Ons reis daarna langs die pragtige kus na Saldanhabaai, ons bestemming teen die see vir die eerste aand.













Na inboek is daar tyd om rustig te ontspan en die omgewing te geniet, voordat ons bymekaarkom vir verwelkomingsdrankies voor die kaggel. Dit is die ideale geleentheid om mekaar beter te leer ken en 'n smaaklike aandete te geniet terwyl ons met 'n glasie in die hand die begin van ons avontuur toeklink.

**Oornag in Saldanhabaai (Ligte middagete en aandete ingesluit)**

## DAG 2: Dinsdag, 18 Augustus 2026

### Muisbosskerm, Sederberg

Ons verwelkom die nuwe dag met 'n heerlike ontbyt en asemrowende uitsigte oor die blou baai van **Saldanha.** Daarna begin ons die skilderagtige rit na Kromrivier, in die hartjie van die **Sederberge,** 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied en ons tuiste vir die volgende twee aande. Langs die pad bewonder ons die veranderende landskappe van die Weskus, met spatsels van veldblomme wat ons begin verras. Ons stop by **Tietiesbaai** en 'n stoute plaaslike kroeg, voordat ons by ons spesiale middagete stop aankom.

**Muisbosskerm,** die bekende oop-lug restaurant, laat jou die eenvoud van vars seekos ervaar, perfek vir ons oor oop vure voorberei. Met jou voete in die sand, 'n glas wyn in die hand en die klank van branders wat naby breek, is dit 'n ware hoogtepunt van die reis – 'n ervaring van kuslewe op sy beste.

Soos ons dieper die Sederberge binne ry, verander die toneel weer. Ons steek die **Olifantsrivier** oor, ry verby die **Algerië Bosboustasie** en kry die kans om van die streek se ikoniese sederbome van naby te sien. Hier besef jy hoekom C. Louis Leipoldt so lief was vir hierdie wêreld.

By **Kromrivier** het jy die geleentheid om hul plaaslik gebroude bier te proe gemaak van suiwer bergbronwater, met 'n vars, ryk smaak wat kenmerkend van die streek is. Hierdie is werklik 'n besonderse hoekie van die wêreld – neem tyd om die plaas te verken, asem die vars berglug in, of skop jou skoene uit en laat die rustigheid jou omring.

Sodra jy by jou pragtige akkommodasie tuis voel, kom ons bymekaar vir 'n rustige aandete en op die spyskaart wag die beroemde **waterblommetjiebredie – Louis Leipoldt se gunstelinggereg** en een van die Sederberg se kulinêre hoogtepunte. Ons sluit die dag af met heerlike kos en warm geselskap voor die kaggel, terwyl die stilte van die berge ons omvou.

**Oornag in die Sederberg (Ontbyt, middagete en aandete ingesluit)**

## DAG 3: Woensdag, 19 Augustus 2026

### Sederberg

Vandag is 'n rustige dag en geniet ons die natuur en omgewing waar ons onsself bevind. Ons verken die hart van die **Sederberge**, 'n streek van ruwe skoonheid en indrukwekkende rotsformasies. Eeue oue sandsteenkranse en vars berglug vorm die ideale agtergrond vir 'n dag vol natuurskoon en ontdekking. Ons bestemming is die beroemde **Stadsaal-grotte,** 'n erfenisterrein wat al vir generasies lank besoekers betower.

Die grotte is veral bekend vir hul ou **San-rotskuns** – van die beste bewaarde en mees unieke voorbeelde ter wêreld. Die fyn skilderye van mense, diere en spirituele simbole bied 'n blik op die streek se ryk kulturele geskiedenis.

Ons hou 'n **stylvolle piekniek** in die koel skadu van die grotte en geniet die uitsig saam terwyl ons **proe aan die Nieuwoudt's se bekroonde wyne.**

'n Perfekte samensmelting van geskiedenis, natuur en rustige ontspan.

Later keer ons terug na ons verblyf en kuier om die vuur vir 'n n **gesellige braai** kompleet met braaibroodjies, terwyl die son stadig sak en die berge lang skadu's oor die vallei gooi. Met die warmte van die vuur, die geure van die rooster en die stilte van die Sederberge om ons, is dit 'n aand wat ons lank sal bybly.

**Oornag in die Sederberg (Ontbyt, middagete, aandete)**



# DAG 4: Donderdag, 20 Augustus 2026

## Vanrhynsdorp, Garies

Vandag verlaat ons die pragtige Sederberge en ry noord in die rigting van **Garies, die hoofstad van Namakwaland.** Soos die son hoër klim, begin die blomme oopgaan en die landskap verander — 'n skouspelagtige vertoning van kleur en lewe langs die pad.

Ons halfpadstop bring ons na **Vanrhynsdorp** vir 'n vinnige middagete. Dié dorpie wat dateer uit die vroeë 18de eeu, huisves een van Suid-Afrika se oudste Katolieke sendingstasies. Die kerk, met sy bekoorlike argitektuur, getuig van 'n ryk kulturele erfenis.





Na middagete reis ons voort en word hartlik in **Garies** ontvang op 'n egte Namakwalandse-wyse. Hierdie dorpie, met sy vriendelike mense en uitnodigende gees, steel gou jou hart. Hier geniet ons egte plaaslike gasvryheid, knus verblyf en heerlike kos — 'n ware hoogtepunt en 'n onvergeetlike deel van ons reis. Dis die Leef Jou Reis verskil – ons kuier saam met die mense van hierdie wêreld, die Namakwalanders.

**Oornag in Garies (Ontbyt, ligte middagete, aandete)**

# DAG 5: Vrydag, 21 Augustus 2026

## Namakwaland Blomme, Garies

Die dag waarna ons almal uitsien het aangebreek! Vandag verken ons die kleurvolle wêreld van **Namakwaland se blomme**, saam met 'n plaaslike kenner wat die veld soos sy eie agterplaas ken.

Hy deel nie net sy uitgebreide kennis van die flora nie, maar ook persoonlike stories en insigte oor die streek – 'n unieke perspektief wat min besoekers te beurt val. Onder sy kundige leiding volg ons die beste roetes om die mooiste blomvertonings te ontdek.

Voor ons die blomme gaan soek, begin ons dag met 'n plaaslike "Uber"-rit wat vir jou 'n heel nuwe betekenis gaan gee... maar vir eers bly dit 'n verrassing. Ons bestemming is die gewilde **Toeristestal in Garies**, waar rakke vol tuisgemaakte lekkernye, plaaslike kunswerke en unieke items wag om ontdek te word. Dis die ideale plek om iets besonders te koop voordat ons die blommekleure van Namakwaland gaan verken.

Daarna volg 'n pragtige rit deur die **Kamiesberge**, oor twee indrukwekkende bergpasse op pad na Kamieskroon. As tyd dit toelaat, stop ons onderweg by die graf van luitenant Darter – 'n Engelse offisier wat hier tydens die oorlog gesneuwel het.

Die hoogtepunt van ons dag is die besoek aan die Skilpad Nasionale Park (indien moontlik) – een van die Mekkas van blomme in Namakwaland. Middagete is 'n eenvoudige piekniek iewers tussen die veldblomme, waar ons omring word deur 'n skouspel van gousblomme, vygies, perdeblomme, gansogies, Piet-snotte, moederkappies, katsterte, sporries en koringblomme – om maar net 'n paar te noem.

Ons spandeer genoeg tyd om die park te verken en die pragtige landskappe in te neem, waar duisende blomme en vetplante 'n fassinerende natuurlike tapisserie vorm.

Na 'n volle dag in die skoonheid van die natuur, ry ons rustig terug na Garies, waar 'n heerlike tradisionele ete van afval op ons wag (moenie bekommer nie, daar is ook "mak" kos vir diegene wat dit verkies )– die ideale afsluiting van ons laaste aand in Namakwaland.

**Oornag in Garies (Ontbyt, piekniekmiddagete, aandete)**

**LET ASB OP:**
**Roetes kan verander na gelang van waar die blomme is. Ons mag dalk sekere dinge uithaal of omruil, om seker te maak jy het die beste tyd van jou lewe.**



## DAG 6: Saterdag, 22 Augustus 2026

### Clanwilliam

Dis 'n vroeë oggend in Garies wanneer ons totsiens sê vir die warm, gasvrye mense van die dorp. Daarna volg die rit terug Kaapstad toe, met 'n spesiale stop in Clanwilliam om die jaarlikse veld blomskou by te woon — 'n ware hoogtepunt. Hier word die streek se blomrykdom onder een dak ten toon gestel, met 'n verstommende verskeidenheid spesies, vorms en kleure. Dis 'n viering van natuurlike skoonheid en 'n kans om blomme te sien wat jy dalk nooit weer in jou leeftyd sal teëkom nie.

Terwyl ons in Clanwilliam is, kan jy 'n ete of iets klein vir die pad kry. Van hier af ry ons reguit na Kaapstad vir ons vlug huiswaarts. Die tyd vir groet het aangebreek en gaan ons huistoe met veel meer as bloot foto's want by Leef Jou Reis maak ons vriende vir 'n leeftyd.



## Pakket Sluit In

- Vervoer in gerieflike minibusse van en na Kaapstad
- 1 Nag akkommodasie in Saldanhabaai met ontbyt en aandete
- 2 Nagte akkommodasie in die Sederberge met ontbyt en aandete
- 2 Nagte akkommodasie in Garies met ontbyt en aandete
- Ligte brunch by Durbanville Hills Wyne
- Heerlike vars seekosmiddagete by Muisbosskerm
- Piekniekmiddagete en wynproe by Kromrivier
- Ligte middagete by Vanrhynsdorp
- Piekniekmiddagete in die Skilpad Nasionale Park
- Ingangs- en bewaringsfooi by die Nasionale Parke
- Ingangsfooi by die Clanwilliam Blomme-skou

## Pakket Sluit Uit

- Binnelandse vlugte
- Aktiwiteite (tensy anders gespesifiseer)
- Maaltye en drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Alle fooitjies
- Persoonlike uitgawes

# Namakwaland

17 – 22 Augustus 2026

**R22,800.00** Per persoon wat deel*
**R25,100.00** Per enkel persoon*

## Belangrik

- Daar is geen waarborg om die blomme in Namakwaland te sien nie - dit is die natuur wat besluit wanneer die skouspel begin en eindig
- Jy is welkom om 'n klein koelhouer met alkoholiese en nie-alkoholiese drankies en peuselhappies van jou keuse saam te bring vir jou gerief en genot. Alkohol is egter vrylik beskikbaar, indien jy nie wil saambring nie.
- 'n Vorm van identifikasie word vereis vir jou binnelandse vlugte (ID / Bestuurslisensie).
- Indien jy vatbaar is vir hooikoors in stowwerige gebiede, bring asseblief die nodige medikasie.

**LET WEL: Roetes kan verander, afhangend van waar die blomme is, en ons pas die roete aan om 'n onvergeetlike ervaring te verseker.**

Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!







# Namakwaland

17 – 22 Augustus 2026

**R22,800.00** Per persoon wat deel*
**R25,100.00** Per enkel persoon*

## Wat Nou...?

Volg hierdie stappe om jou bespreking te bevestig:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

### STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na die mees fassinerende vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R7 500. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om 'n deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R7 500 is teen 28 Februarie 2026 betaalbaar.
- Die uitstaande balans is betaalbaar teen 31 Mei 2026 betaalbaar.
- Hierdie pryse is gebaseer op EFT-betalings.
- Die reisplan kan wissel na gelang van die besluit van die reisoperateurs en ook gebaseer op veiligheid.
- In die verlede het ons net heerlike weer beleef - maar bring gerus klere vir koeler aande en skielike verandering in die weer.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: BLOM26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

**R22,800.00 Per persoon wat deel*** | **R25,100.00 Per enkel persoon***

* Let daarop dat die aantal enkelkamers beperk is. In sommige gevalle is dit dalk nie moontlik om 'n enkelkamer te bespreek nie | SLEGS LANDREËLINGS

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende @GerrieOfficial @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius